

JEUG FUNAAND: Walk through the Bible

Instruksies:

Daar is 7 verskillende vertrekke en in elkeen word 'n ander aktiwiteit gedoen of Bybel karakter behandel. Elke groep begin met 'n ander leidraad – Bybelvers – wat hulle moet probeer ontsyfer en sodoende by die regte vertrek uitkom. Die leier het al die uitdeelstukke en werksvelle by hulle – soos 'n groep die opdrag korrek voltooi word die leidraad na die volgende vertrek vir die groep gegee.

Leidraad na die lokaal	Aktiwiteite	Benodighede
1. <u>Moederskamer / voorportaal</u> Matt 19:13	Bybelboeke	Uitdeelstukke Penne antwoorde
2. <u>Boilerroom:</u> 1 Tes 5:17	Bybelkarakter: Ester	Uitdeelstukke penne klere
3. <u>Kombuis:</u> Matt 12:1	Ontsyfer die woorde	Uitdeelstukke
4. <u>Saal:</u> Matt 25:35	Bybelkarakter: Noag	Ark Klei Uitdeelstukke Penne
5. <u>Garage:</u> Ps 121 – Die reisigers Psalm	Bybelkarakter: Dawid en Goliat	Rekkies Blikkies Uitdeelstukke Penne
6. <u>Creche:</u> Spr 22:6	Bybelkarakter: Josef	Uitdeelstukke Penne Klere
7. <u>Kerk:</u> Heb 10:25	<u>Versies as leidrade tot artikels</u> Oond Stoel Kruis Deur	Uitdeelstukke Wondergom

LEIDRADE NA LOKALE:

1. MOEDERSKAMER: Matt 19:13
2. BOILERROOM: 1 Tess 5:17
3. KOMBUIS: Matt 21:1
4. SAAL: Matt 25:35
5. GARAGE: Ps 121 - Die reisigers Psalm
6. CRECHE: Spr 22:6
7. KERK: Heb 10:25

AKTIWITEITE:

1. Moederskamer – Bybelboeke

Bybelboeke se name

Kyk na die lys van name, en omkring al die name wat NIE boeke van die Bybel is nie. Wys julle lysie vir die fasiliteerder en hy/sy sal sê of dit reg is – Leiers van die groepe moet ASSEMBLIEF nie met hierdie een help nie!!!

Obadja; Amos; Esra; Filemon; Paulus; Haggai; Maleagi; Titus; Dawid; Lukas; Johannes; Judas; Moses; Nahum; Miga; Numeri; Jona; Noag; Josua; Rigter; Rut; Klaagliedere; Sagaria; Sefanja; Nehemia; Josef; Matteus; Genesis; Jakob; Eksodus; Samuel; Job; Psalms; Saul

ANTWOORDE: Bybelboeke se name

Kyk na die lys van name, en omkring al die name wat NIE boeke van die Bybel is nie. Wys julle lysie vir die fasiliteerder en hy/sy sal sê of dit reg is – Leiers van die groepe moet ASSEMBLIEF nie met hierdie een help nie!!!

Obadja; Amos; Esra; Filemon; **Paulus**; Haggai; Maleagi; Titus; **Dawid**; Lukas; Johannes; Judas; **Moses**; Nahum; Miga; Numeri; Jona; **Noag**; Josua; Rigter; Rut; Klaagliedere; Sagaria; Sefanja; Nehemia; **Josef**; Matteus; Genesis; **Jakob**; Eksodus; Samuel; Job; Psalms; **Saul**

AKTIWITEITE:

2. Boilerroom: Bybelkarakter: Ester

ESTER – Ester 1-7

Challenge:

Gebruik die klere wat voorsien is, en trek een van die meisies soos Koningin Ester aan

Vrae:

1. Wat was Koningin Ester se Joodse naam gewees? (Ester 2:7)

Antwoord: Hadassa

2. 'n Skurk met die naam Haman het die Koning omgepraat om al die Jode te laat doodmaak – wat moes Ester doen vir haar volk? (Ester 4:8d)

Antwoord: Sy moes na die Koning gaan en om genade smee vir haar volk

3. Daar is 'n baie bekende gedeelte wat uit die boek Ester kom, wat haar oom Mordegai vir haar gesê het – weet julle wat dit is? (Ester 4:14b)

Antwoord: Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!

4. Wat het toe met die skurk Haman gebeur? (Ester 7:10)

Antwoord: Hy het in sy eie sous gebraai – die Koning het hom aan die galg laat ophang wat hy vir Mordegai gemaak het

Miskien het God JOU juis gemaak om in hierdie tyd waarin JY leef 'n verskil te maak!!!

AKTIWITEITE:

3. Kombuis: Ontsyfer die woorde

Die volgende woorde word opgeknip en elkeen in 'n aparte sakkie gegooi – die groep moet probeer om die woorde te ontsyfer deur dit soos 'n puzzel te bou. Die woorde word groot in 'n aparte dokument voorsien

P R O F E T E E R

E V A N G E L I S

A P O S T E L

D I S S I P E L

G E B O O I E

G E N A D E

AKTIWITEITE:

4. Saal: Bybelkarakter – Noag

NOAG – Gen 6-9

Challenge:

Maak as groep een diertjie uit die klei om die ark te sit, daar mag nie meer as 2 van dieselfde diere wees nie.

Vrae:

1. Hoekom het God vir Noag **die opdrag gegee om 'n ark te bou?** (Gen 6:5-7)

Antwoord: God was hartseer oor hoe boos en sleg die mense op die aarde geword het, en was spyt dat Hy hulle gemaak het.

2. Hoekom is net Noag en sy gesin gered? (Gen 6:8-9)

Antwoord: Hy was 'n regverdige man en het naby God geleef.

3. Wat moes Noag saam met hom in die ark inneem? (Gen 6:18-19)

Antwoord: Hy en al sy familie, en 2 van elke soort dier en voël

4. Watter teken gee God as verbond dat Hy nie weer die aarde deur 'n vloed sal venietig nie? (Gen 9:13)

Antwoord: 'n Reënboog

As jy leef soos God wil hê, spaar God jou wanneer die straf kom!!

AKTIWITEITE:

5. Garage – Bybelkarakter: Dawid en Goliat

DAWID EN GOLIAT: 1 Sam 17

Challenge:

kyk wie in die groep kan eerste 'n blikkie met 'n rekkie en klipie omskiet

Vrae:

1. Wat het Dawid gedoen terwyl sy broers saam met Saul geveg het? (1 Sam 17:15)

Antwoord: Skape opgepas

2. Sy pa stuur hom om vir sy broers kos te vat, wie sien hy daar vir wie die Israeliete bang is? (1 Sam 17:23-24)

Antwoord: Goliat

3. Hoekom was Dawid nie bang om teen hom te veg nie? (1 Sam 17:34-37)

Antwoord: God het beskerm teen die beer en die leeu, en sal nou dieselfde doen

4. Wat word Dawid later?

Antwoord: Koning van Israel

5. Hoe het God oor Dawid gevoel? (Hand 13:22b)

Antwoord: Man na God se hart

Met God by jou kan jy ENIGE iets doen!!!

AKTIWITEITE:

6. Creche: Bybelkarakter – Josef

JOSEF – Gen 37-45

Challenge:

Gebruik die klere wat voorsien is, en trek een van die seuns soos Josef aan

Vrae:

1. Waarvoor was Josef baie bekend onder sy broers gewees? (Gen 37:8b)

Antwoord: Sy drome en praatjies

2. Wat doen Josef se broers met hom? (Gen 37:28)

Antwoord: Hulle verkoop hom as slaaf

3. Die lewe in die vreemde land was nie vir hom maklik nie – waar het hy beland? (Gen 39:19)

Antwoord: die tronk

4. Maar God het ander planne met Josef en sy drome gehad, en juis a.g.v. sy drome kom hy uit die tronk uit – en wat doen die Faro met Josef? (Gen 41:42)

Antwoord: Hy stel Josef oor die hele Egipte aan – want God het 'n plan met Josef se lewe gehad!!!

God het 'n plan vir jou lewe, en kan selfs slegte dinge gebruik om sy plan te laat werk!

AKTIWITEITE:

7. Kerk - Leidrade

Lees die volgende versie as leidraad om 'n artikel in die versie te gaan soek. By hierdie artikel sal julle die uitgeprinte versie kry. As dit NIE daar is nie, weet julle dis nie die regte plek, of artikel nie:

1. VERSIE: 1 Sam 4:18

Antwoord: STOEL

2. VERSIE: Luk 14:27

Antwoord: KRUIS

3. VERSIE: Matt 7:7

Antwoord: DEUR

4. VERSIE: Hosea 7:6

Antwoord: OOND